

## Ek sal hulle God wees, en hulle sal Sy volke wees (OP24)

### Openbaring 21:3 en 7

17 Januarie 2021

Verlede week het ons begin om te kyk na Op 21, en daarmee saam na die beskrywing van die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem wat realiseer aan die einde van die tyd. Dit vorm deel van die sewende onderdeel van die boek Openbaring. Dit is op hierdie nuwe aarde onder die nuwe hemel wat die gelowiges gaan woon, en wat dit natuurlik so besonders maak is dat God by hulle gaan woon, oftewel letterlik gaan tabernakel.

Ek wil julle ook net weer daaraan herinner dat Op 21-22:5 gee vir ons insae in die toekoms na die finale oordeel. Dit beteken dat ons hier die finale resultaat of einddoel sien waarheen God besig is om te werk. Die gevolg hiervan is dat daar heelwat lyne is wat deur die loop van die Bybel, en dus deur die loop van die wêreldgeskiedenis, ontwikkel wat hier kulmineer. So het ons laasweek gesien dat as God op die nuwe aarde onder die mense kom tabernakel, is dit die gevolg van 'n lang opbou wat alreeds in Gen 1 en 2 begin het.

#### Ek sal hulle God wees, en hulle sal Sy volke wees

Ek wil graag vandag by nog so 'n ontwikkelingslyn stilstaan. Die ontwikkeling waarna ek vandag wil kyk, is wat agter die volgende stellings lê: “Hy sal by hulle bly; hulle sal Sy volke wees en God self sal by hulle wees as hulle God” (vers 3) en “Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal Sy God wees, en Hy sal My seun wees” (vers 7) – ons kyk vandag slegs na die laaste gedeeltes van hierdie stellings. Die inhoud van hierdie twee verse is soortgelyk: Die “hulle” in vers 3 verwys na die mense wat deel uitmaak van die nuwe Jerusalem waarvan vers 2 praat, terwyl die persoon waarna vers 7 verwys, die persoon is “wat die oorwinning behaal het”. In beide verse word daar dus na gelowiges verwys – in vers 3 in die meervoud, en in vers 7 in die enkelvoud. In beide gevalle is die inhoud van die vers dat God hierdie persoon/persone se God sal wees, terwyl hulle Sy seun/volke sal wees. Die punt is dat met die koms van die nuwe hemel en aarde, sal daar 'n baie duidelike verhouding tussen God en die mense wees: God is God, meer spesifiek God is hulle God, terwyl hulle die ondergeskiktes is, sy volke/seun/kind is. Maar, let op, hulle is spesifiek God se volke/kinders.

Beide God en die mense het dus 'n onderskeibare rol: God is God, en die mense is mense. Maar God is juis hierdie mense se God, en hierdie mense is juis God se mense. God erken hierdie mense as Sy mense, en hierdie mense erken God as hulle God. Hierdie wedersydse erkenning is egter nie 'n koue erkenning nie – nee, dit is 'n intieme en warm verhouding. Kyk maar net na God se handeling: Volgens vers 4 droog God al die mense se tranes af, en maak Hy 'n einde aan al hulle leed, smart en pyn. Vers 6b sê dat God aan elkeen wat dors het, water uit die fontein van die lewe gee – verniet. Duidelik is God besorgd oor hulle. Aan die ander kant as ons na hierdie mense kyk, sou dit in 'n sekere sin vreesaanjaend kon wees as God nou by hulle kom woon. Maar kyk na vers 2 waar hierdie mense beskryf word as 'n bruid wat gereed is om haar Bruidegom te ontmoet en vir Hom versier is – dit is tog ook 'n beskrywing van 'n intieme, warm liefdesverhouding. Opsommend – hierdie verhouding tussen God en die mense is intiem, warm, vol liefde, maar tog ook vol respek en ontsag vanaf die mense se kant – immers erken hulle Hom as God, terwyl hulle bloot mense of skepsels is.

#### Die ontwikkelingslyn

Hierdie intieme verhouding tussen God en die mense het egter 'n lang pad geloop om te kon ontwikkel tot op hierdie punt. Dit strek vanaf Genesis regdeur die Bybel, regdeur die wêreldgeskiedenis tot by hierdie punt na die finale oordeel. Kom ons kyk kortliks daarna. Ek glo dat

ons almal erken die uitdrukking “Ek sal hulle God wees, en hulle sal My volke wees” as verbondstaal. Ons moet dus na die ontwikkeling van God se verbond gaan kyk as ons die ontwikkelingslyn wil optel. Streng gesproke is daar twee verbonde in die Bybel: Die skeppingsverbond voor die sondeval, en die genadeverbond na die sondeval. Hierdie genadeverbond bestaan op sy beurt uit ‘n verskeidenheid van verbonde wat elkeen ‘n deel van die ontwikkelingslyn vorm. God se verbond is ‘n ooreenkoms tussen God en die mense. Dit is telkens God wat die leiding neem. Volgens die ooreenkoms is daar sekere beloftes wat God aan die mense maak (dus God se verantwoordelikheid), maar daar is ook sekere verwagtinge wat God van die mens het. In die ontwikkeling van hierdie verbondslyn is daar 4 elemente wat ons moet dophou: God se posisie/rol, die mense wat betrokke is, die plek waar die mense woon, God se verwagting van die mense, dus Sy opdragte aan hulle.

### Skeppingsverbond

Reg aan die begin van die geskiedenis tree God op as Skepper, o.a. skep Hy ook die mens. Dit is dan God wat direk met die mens praat en met hulle ‘n ooreenkoms sluit: Hulle mag in die tuin woon, maar hulle moet dit bewoon en bewerk, die aarde onderwerp, vermeerder en die aarde vul, en natuurlik die rusdag heilig. Sien jy die 4 elemente: God is as Skepper die Een wat die verbond daarstel, Adam en Eva is aanvanklik die mense ter sprake, maar hulle moet vermeerder sodat daar baie mense sal wees, die tuin is aanvanklik hulle woonplek, maar dit moet uitbrei na die hele aarde, en hierdie opdragte wat God vir hulle gegee het is natuurlik Sy verwagting van hulle. Kyk nou na die verhouding tussen God en die mense: God skep hulle, plaas hulle onder ideale omstandighede, gee hulle alles wat hulle nodig het, en verwag dat hulle Sy opdragte sal nakom. God betoon liefde en versorging – soos wat ons in Op 21 van lees. Adam en Eva behoort werklik God te respekteer, gehoorsaam en te dien. Maar hulle doen nie. Hulle val voor die duiwel se versoeking – en die verhouding tussen God en die mense verkoel – anders as in Op 21. Wat nou?

### Aanvangsverbond (die res van die verbonde is almal deel van die genadeverbond)

Na die sondeval is dit weereens God wat die inisiatief neem, en ‘n verbond oprig met Adam en Eva. Daar is die eerste element: God is steeds hulle God. Maar daar is gevolge a.g.v. die ongehoorsaamheid van die mens. God beloof dat Hy die inisiatief gaan neem om hierdie gebroke verhouding op te bou deur Een uit die nageslag van die vrou – maar Hy gaan dit net met ‘n deel van die mensdom doen – daar gaan vyandskap wees tussen die nageslag van die vrou en die slang. Maar let op daar is steeds ‘n nageslag van die vrou – daar is die tweede element. Wat die derde element betref, is die wêreld nou hulle woonplek, gevul met dorings en dissels. En die vierde element, God se opdragte? Hulle moet steeds vermeerder en vul, hulle moet steeds die aarde onderwerp, hulle moet steeds God erken as hulle God. Opsommend: God is steeds hulle God, hulle moet steeds vermeerder en ook die aarde onderwerp, maar boonop is daar herstelwerk wat by die mensdom gedoen moet word (of ten minste aan ‘n deel van die mensdom) sodat hulle werklik God se volk/kinders kan wees – soos wat Op 21 dit beskryf. God onderneem om hierdie herstelwerk te doen.

### Noagverbond

Deur die loop van die jare wat volg wys die mensdom sy ware aard – hulle is totaal verdorwe en bedink net wat sleg is (Gen 6:5). Ja, hulle vorder deurdadig hulle vermeerder, maar hulle onderwerp nie die aarde nie. Hulle is dus nie werklik God se volk nie. God besluit om op te tree en stuur die sondvloed. Net Noag en sy gesin word gered – omdat hulle deur God begenadig is (Gen 6:9). Na die vloed, as Noag-hulle uit die ark kom, bou hy ‘n altaar en bring ‘n offer aan God, en God rig ‘n verbond met Noag op – daar is weer die eerste element: God is steeds God, en ten minste erken Noag dit. Weer gee God die opdrag dat hulle moet vermeerder en die aarde moet vul (Gen 9:1 en 7)

– daar is elemente 2 en 3. Maar God maak dit ook duidelik dat Hy rekenskap gaan eis. Ja, Hy onderneem om nie weer ‘n vloed te stuur solank as wat die aarde bestaan nie, maar Hy gaan steeds rekenskap eis. Ons weet dat dit ten diepste realiseer aan die einde van die tyd met die finale oordeel – God stel dus oordeel tydelik uit. Opsommend: God is steeds hulle God, Hy wil steeds dat hulle moet vermeerder en vul, Hy wil steeds dat die aarde bewoon moet word, maar al stel Hy Sy oordeel uit, gaan Hy dit nie afstel nie. Hy stel dit net uit tot die einde van die aarde se bestaan. Hy verwag steeds dat die mensdom (of ten minste ‘n deel daarvan) Hom moet dien en erken as God. Maar ten minste is daar nou tyd sodat dit kan realiseer. Die wat Hom egter nie as God erken nie, kan egter verwag om geoordeel te word. Maar hoe gaan dit realiseer dat daar mense sal wees wat Hom erken as God?

### Abrahamverbond

Hier begin ons sien hoe dit gaan realiseer. God begin met Abraham. Lees Gen 12:1-3 - dit verduidelik vir ons God se oorkoepelende plan. God onderneem om met Abraham te begin, daarna gaan Hy Abraham ‘n groot nasie maak, en op die ou end sal die volke van die aarde deur hulle verbintenis met Abraham geseënd wees. Dan word die detail vir ons geleidelik oopgemaak: In Gen 17 lees ons dat God met Abraham ‘n verbond sluit. Die belofte in die verbond bevat 3 elemente: ‘n groot nageslag wat baie nasies insluit (vers 4), die land Kanaän as blywende besitting (vers 8), en “Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag” (vers 7) en “Ek sal hulle God wees” (vers 8b). Sien jy die eerste 3 elemente: God is steeds God en sluit die verbond, en Hy onderneem om hulle God te wees (element 1), die mense is duidelik Abraham en sy nageslag (element 2), en die plek is die beloofde land (element 3). Boonop, sien ons element 4 in vers 9: Jy moet my verbond nakom.

Sien jy die ooreenkoms met Op 21? God onderneem hier om hulle God te wees, en verder onderneem God om vir Abraham ‘n nageslag te gee – in Gen 12:3 het ons al gelees dat in Abraham die volke van die aarde geseën sal wees. Weereens is dit duidelik dat God sal doen wat nodig is sodat hierdie nageslag van Abraham ook God se volk sal wees. Wel ons sien twee aspekte ontwikkel: (1) Abraham moet vir Isak offer, maar op die nippertjie keer God hom, en vervang Isak met ‘n ram – hierdeur demonstreer God die beginsel van plaasvervanging – wat natuurlik ontwikkel in Jesus wat in die plek van gelowiges God se toorn dra. Wat meer is, in Gen 22:15-18 bevestig God Sy verbond met ‘n eed. Lees weer Gen 17:7. God spel dit klinkklaar uit dat hierdie ‘n blywende verbond is wat Hy oprig – Hy sal die God wees van Abraham en sy nageslag. (2) In Gen 15:6 lees ons wat Abraham se respons op God se beloftes was: Hy het dit geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Deur hierdie kombinasie van plaasvervanging en geloof gaan God werk na die punt dat die nageslag van Abraham ook Sy volk sal wees – soos ons in Op 21 lees die finale uitkoms sal wees.

(Ek slaan die Sinaiverbond oor – ons het laasweek besin oor die rol van die tabernakel. Leet ek net die opmerking maak: dit is natuurlik in hierdie verbond wat God Sy wet aan die volk gee waarvolgens Hy verwag dat hulle moet lewe)

### Dawidverbond

Teen die tyd dat Dawid op die toneel verskyn, is die volk reeds ‘n groot volk en hulle is reeds in die beloofde land. Oënskylik is die beloftes aan Abraham dus vervul.

In 1 Samuel 8 vra die volk egter vir die Samuel om ‘n aardse koning oor hulle aan te stel. Sien jy wat hier gebeur? God het aan Abraham beloof Hy sal hulle God wees, maar hier verwerp hulle God as hulle koning. Weereens kom die verdorwenheid selfs van Abraham se nageslag na vore. Die Here sê vir Samuel, alhoewel hulle Hom effektief as hulle koning verwerp, Samuel tog aan hulle versoek

moet voldoen. Saul word aangewys as eerste koning. Na 'n lang stryd tussen Dawid en Saul, bestyg Dawid die troon (2 Samuel 5:1-5).

In 2 Samuel 7:2 spreek Dawid die begeerte uit dat hy vir die Here 'n huis wil bou – God oordeel egter anders: Hy het nooit die opdrag gegee dat so 'n huis gebou moet word nie (vers 6-7), en herinner Dawid daaraan dat dit Hy is wat Dawid as koning aangestel en suksesvol gemaak het (vers 8-16). Dan maak die Here aan Dawid die volgende belofte: Die Here gaan vir Dawid 'n koningshuis vestig (vers 11). God sal vir die een uit sy nageslag wat hom opvolg as koning, 'n bestendige koningskap gee, en hý sal vir die Here 'n huis bou (vers 12-13). In vers 14 onderneem die Here dat Hy vir hierdie koning 'n vader sal wees en die koning sal vir Hom 'n seun wees - hierin moet ons duidelik raaksien dat hierdie 'n verdere uitbouing is van die verbond met Abraham (Gen 17:7-8), en hier is weer 'n verdere ontwikkeling in die opbou na die stelling in Op 21. God is self die koning. Hy is die Een wat in beheer is. Hy sal hulle God wees!

Is alles nou in orde? Die volk is immers 'n groot volk, hulle is in die beloofde land, hulle het die Dawidshuis as ewige Koningshuis oor hulle wat deur God aangestel is? Ongelukkig nie. Die koningskap en die volk verdeel, die volk val in sonde deurdat hulle God nie erken as God nie, en hulle word in ballingskap weggevoer. Dit lyk of alles tot niks gekom het nie. Iewers is daar nog iets wat kort. Wat is dit?

### Nuwe verbond

Tydens die ballingskap van die volk, stuur die Here profete na die volk in Babel. Twee van hierdie profete is Jeremia en Esegïel. In Jer 31:31-34 gee God die belofte dat daar 'n tyd kom dat Hy met Israel en Juda 'n nuwe verbond gaan sluit. Hierdie nuwe verbond gaan anders wees as die verbond wat die Here met die volk gesluit het toe Hy hulle uit Egipte laat trek het, d.w.s. die nuwe verbond sal 'n impak op die Sinaiverbond hê.

Vers 32 verduidelik wat die probleem met die ou (Sinai)verbond was: die volk kon nie die vereistes van dié verbond nakom nie - al was die Here steeds getrou aan Sy eie beloftes en al het Hy herhaaldelik gedemonstreer Hy wil hulle God wees, slaag hulle net nie daarin om God se volk te wees nie. God maak in die nuwe verbond bekend hoe Hy sy volk by die punt gaan bring waar hulle Hom wil, kan en sal gehoorsaam. M.a.w., dit is nie 'n nuwe verbond in die sin dat God 'n streep deur Sy vorige verbonde trek nie. Hy gaan steeds voort met daardie verbonde, maar wat nuut bygevoeg word is hoe dit in die praktyk gaan realiseer dat sy volk aan die vereistes van die wet kan voldoen, en dus God sal erken as hulle God.

Jeremia 31:33-34 gee die fokus van die nuwe verbond as volg: God sal Sy wet op hulle harte skryf en in hulle gedagtes vaslê. Dit beteken dat die mense van die nuwe verbond harte sal hê wat die wet van die Here ken en soek. Hierdie onverdeelde harte sal gevul wees met die begeerte om die Here te dien, en sal nie voortdurend daaraan herinner hoef te word nie.

Maar presies hoe gaan dit realiseer dat hierdie mense nuwe onverdeelde harte gaan ontvang waarop die wet van die Here geskryf is wat sal doen wat God wil? Lees Esegïel 36:25-27. God gaan 3 dinge doen: (1) Hy gaan hulle regverdig maak – deur die werk van Jesus (vers 25) (2) Hy gaan hulle wederbaar (vers 26) (3) Hy gaan hulle heilig maak deur die werk van die Heilige Gees (vers 27)

En let op wat sal die gevolg wees as hierdie nuwe verbond realiseer: “Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal My volk wees en Ek sal julle God wees”. Kyk na Eseg 36:38b: Dan sal Israel besef dat Ek die Here is! Hoor jy dit? Dit is hoe Op 21 realiteit gaan word! Natuurlik realiseer dit met Jesus se eerste koms, toe Hy geregtigheid vir Sy kinders bewerk het, en

met die uitstorting van die Heilige Gees na Sy hemelvaart wat wedergeboorte en heiligmaking in hulle harte werk. Met die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 2), lewer Petrus 'n hartroerende toespraak waarin hy verduidelik:

- Jesus is die Christus, oftewel Verlosser. Hy is dus die Een wat volgens die Aanvangsverbond sou kom om die kop van die slang te vermorsel (vers 36).
- Jesus is ook die plaasvervangende Verlosser – soos wat God destyds in die Abrahamverbond gedemonstreer het toe die ram in Isak se plek geoffer is (vers 36).
- Jesus is ook die een uit die geslag van Dawid wat aan God se regterhand sit as Ewige Koning – in lyn met God se belofte in die Dawidverbond (vers 31-32).
- En boonop is die Heilige Gees ook nou uitgestort wat wedergeboorte in mense se harte werk sodat hulle in Jesus kan glo as hulle Verlosser, en God se wet wat op hulle nuwe harte geskryf is, sal gehoorsaam – soos wat God belooft het in die Nuwe Verbond (vers 33).

As illustrasie van die effektiwiteit van hierdie genadeverbond wat God sistematies opgebou het sedert die sondeval in Genesis 3, kom 3000 mense op daardie dag tot bekering – en lê hulle heelhartig toe op gehoorsaamheid aan God.

Sedertdien kring die kerk wyer en wyer uit – na alle tale, volke en nasies regoor die wêreld. Die getal mense wat God eer deur gewillig volgens sy voorskrifte te lewe, word al meer. Deur die werk van die Heilige Gees groei hulle voortdurend in gehoorsaamheid. God se ideaal is besig om te verwesenlik: God is hulle God, en hulle is Sy volk.

#### Die uiteinde

Teen die tyd dat ons by Op 21 kom, is die finale oordeel verby. Ja, die kop van die slang is vermorsel, en hy en al sy volgelinge is reeds in die vuurpoel gegooi – in lyn met die Aanvangsverbond. Ja, God was getrou aan die Noagverbond en het die oordeel uitgestel tot aan die einde van die aarde. Ja, God was getrou aan die Abrahamverbond wat werklik blyk 'n ewige verbond te wees: Abraham het 'n groot nageslag uit alle volke, stamme tale en nasies, hulle almal woon op die nuwe aarde (die tuin is uitgebrei eers na die beloofde land en daarna tot aan die uithoeke van die aarde en daarna na die nuwe aarde) en God is hulle God, en hulle is Sy volke. Ja, God was getrou aan die Dawidverbond. Uit die geslag van Dawid het die Verlosser gekom. Met Sy eerste koms het Hy die oorwinning behaal en op die troon gaan sit en Hy heers as Koning vir ewig. Ja, God was getrou aan die Nuwe Verbond. Die Lam is geslag en het geregtigheid bewerk, die Heilige Gees het gekom en wedergeboorte gewerk in almal wat aan God behoort, die Heilige Gees het hulle ook gelei na heiligmaking deurdat hulle nuwe harte net wil doen wat God wil. Daarom het hulle wit klere ontvang met hulle afsterwe. Daarom is hulle nou deel van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel na die aarde neerdaal – waar God hulle God is, en hulle God se volke is. Ja, deur die eeue heen was God getrou deurdat Hy steeds hulle God was. Hy het hulle deurgaans erken as Sy volk. Maar hulle erken Hom ook nou as hulle God! Hy het hulle oortuig deur alles wat hulle belewe het op die eerste hemel en aarde. Daarom is hulle nou in 'n intieme, warm, liefdesverhouding met God, terwyl hulle deeglik bewus is: Hy alleen is God. Hy het dit alles vir hulle bewerk. Hy is waardig om vir ewig geloof en geprys te word!

Kan ek jou aanmoedig om jou in te grawe in hierdie ontwikkelingslyne in die Woord. Dit vervul jou telkens met verwondering om beter insae in God se plan te ontwikkel. Dit maak dat jy met groter begrip na die wêreldgebeure kan kyk. Dit bemoedig jou om nie moedeloos te word nie – intendeel dit vul jou met opgewondenheid oor hoe groot en heerlik God werklik is.